

Things that go bump in the night

1. jy los my alleen
2. in 'n huis vol geluide
3. en hoe minder ek probeer luister
4. hoe harder klink die klank
5. van 'n onbekende voetstap
6. op die donker trap
7. bang vaak verdwaal ek laat
8. in die gange op soek
9. na slaap
10. wat om elke naghoek verdwyn
11. ek skrik
12. vir die naaldekkerstraatlig
13. deur skaars bewegende blare
14. jou jas aan die kapstok
15. is 'n man sonder bene
16. ek is bang
17. vir die stofsuierslang
18. op die vloer van die spens
19. en tot jy terugkom
20. sleep ek my vlees
21. soos 'n kis agter my aan

Rosa Keet

Stylfigure in gedigte

Stylfiguur	Voorbeeld	Verduideliking
Alleenplasing	Reëls 9, 11, 16.	Woorde of sinsnedes word alleen geplaas om dit te beklemtoon.
Alliterasie: (ook stafrym)	Reël 17.	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Apostroof	Die hele gedig.	Die tegniek om iemand in die gedig direk aan te spreek.
Assonansie	Reël 7.	Opeenhoping van vokale.
Enjambement.	Die hele gedig het geen leestekens.	Die een versreël loop oor na die volgende een sonder leestekens.
Eufemisme	Hy het lang vingers. <i>He has long fingers</i> Sy slaap (sy is dood) <i>She sleeps (is dead)</i>	Stel iets sagter as die harde wekrligheid vir wat dit is.
Inversie/Omgekeerde woordorde.	Reël 7.	Die woorde van 'n versreël word verander om dit wat belangrik is eerste te plaas.
Metafoor	Die hele gedig is 'n metafoor vir die vrees wat ervaar word in die donker.	'n Ander betekenis aan iets gee. Dit is soos 'n vergelyking maar die woorde "soos", "nes" en "net soos" is NIE daar nie.
Onomatopée / Klanknabootsing	Reëls 4, 17.	Die woord boots klanke na.
Paradoks	Reël 3, 5, 7, 13,	Twee sake wat teenoor mekaar staan, word langs mekaar gestel.
Rymtipe in die gedig	Vryerym	Woorde van rym nie, daar is nie 'n definitiewe rymskema nie.
Vergelyking	Reël 20 en 21.	Iets word met iets ander vergelyk met die woorde "soos", "nes" en "net soos".

Vrae

1.1. Hoekom word die "jy" in die eerste strofe met 'n kleinletter geskryf. (1)

1.2. Haal een woord aan uit die gedig wat aandui dat daar niemand by die spreker is nie. (1)

1.3. Die spreker sê die huis is (gevol / vervul) met geluide en alhoewel sy baie hard probeer (om mooi te hoor / om nie te luister nie) word die klanke NIE (harder / sagter) nie. (3)

1.4. Hoe kan die spreker in haar eie huis "verdwaal"? (1)

1.5. Noem al die elemente in die gedig wat die spreker dink sy hoor wat haar bevrees / angstig maak. (2)

1.6. Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE.

Reël 3 en 4 beteken...


- Die spreker hoor hoe iemand met die trap opgeloopt kom.
- Die spreker probeer om nie onnodig bang te wees nie maar kan dit nie help nie.
- Die spreker verbeel haar sy hoor voetstappe op die trap.
- Die spreker se verbeelding raak op loop as die trappe kraak.

1.7. Kies die antwoord wat korrek is.

Reël 9 en 10 beteken...

- Haar slaap het soek geraak.
- Slaap speel wegkruipertjie met haar.
- Sy is so bang dat sy nie kan slaap nie.
- Sy is glad nie meer vaak nie.

1.8. Kies die prentjies van goed wat die spreker kan sien wat hom / haar bevrees / angstig maak. (3)



1.9. Wat word die verskynsel genoem waar een versreël oorloop in die volgende een sonder enige leestekens. (1)

1.10. Wat is die funksie van jou antwoord in 1.5. in die gedig. (2)

1.11. Pas Kolom A By Kolom B en Kolom C.

	Kolom A		Kolom B		Kolom C
1.11.1.	Alleenplasing	A	my vlees soos 'n kis agter my aan	i	Die digter beskuldig almal wat iemand alleen in die nag los.
1.11.2.	Alliterasie	B	ek skrik	ii	Belangrike woorde word eerste geplaas.
1.11.3.	Apostroof	C	bang vaak verdwaal ek laat	iii	Klanknabootsend.
1.11.4.	Inversie.	D	jy los my alleen	iv	Dit beklemtoon die spreker se las met die vrees.
1.11.5.	Vergelyking	F	vir die stofsuierslang	vi	Die woorde word uitgehef / beklemtoon.

Memorandum

1.1. Dis universeel. / Dit gebeur baie. / Baie mense is bang vir die donker. (1)

1.2. Alleen. (1)

1.3. Gevul / om nie te luister nie / sagter. (3)

1.4. Dit is donker. / Sy is bevrees en let nie op waar sy heen gaan nie. (1)

1.5. Die geluide in die huis en iets wat soos voetstappe op die trap klink. (2)

1.6. A – Die spreker hoor hoe iemand met die trap opgeloopt kom. (1)

1.7. C – Sy is so bang dat sy nie kan slaap nie. (1)

1.8. B, D, G. (3)

1.9. Enjambement. (1)

1.10. Dit versnel die tempo van die gedig en beklemtoon dus die vrees wat die spreker voel. / Bind al die elemente van vrees in die gedig tot 'n eenheid. (2)

1.11.1. B en vi.

1.11.2. F en iii.

1.11.3. D en i.

1.11.4. C en ii.

1.11.5. A en iv.